PAUL ROOS
GIMNASIUM – GYMNASIUM

DISSIPLINEBELEID

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

INHOUDSOPGAWE

1. INLEIDING 3

2. NOODSAAKLIKE VEREISTES VIR ALLE DISSIPLINÊRE PROSEDURES 3

3. DISSIPLINÊRE STRUKTUUR 4

4 **RELEVANTE OORWEGINGS BY DIE KEUSE VAN 'n TOEPASLIKE STRAFMAATREËL** 5

A) WANGEDRAG 6

1. WANDADE EN OORTREDINGS 6
2. PROSEDURE vir BEWEERDE WANGEDRAG 8
3. INTERNE DISSIPLINÊRE ONDERSOEK 9
4. AANBEVOLE STRAFMAATREËLS VIR WANGEDRAG 9

B) ERNSTIGE WANGEDRAG 10

2. PROSEDURE VIR BEWEERDE ERNSTIGE WANGEDRAG 11
3. KENNISGEWING VAN DISSIPLINÊRE VERHOOR AAN LEERDER EN OUERS 12
4. AANSTELLING EN SAMESTELLING VAN DIE DISSIPLINÊRE KOMITEE 12
5. DISSIPLINÊRE VERHOOR 13
6. AANBEVELING VIR UITSETTING DEUR DIE BEHEERLIGGAAM 15
7. REG OP APPèL 16

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

1. INLEIDING

1.1. Alle dissiplinêre kwessies en aksies by Paul Roos Gimnasium sal die prosedures volg soos uiteengesit in die Gedragskode, gelees tesame met die Skolewet en die Regulasies met betrekking tot dissipline in openbare skole in Suid-Afrika, waar van toepassing ("die Regulasies").

1.2. Die algemene benadering tot dissiplinêre prosedures moet konsekwent toegepas word en regverdig wees, in ooreenstemming met die prosedures en riglyne soos uiteengesit in die Gedragskode, die Skolewet en die Regulasies.

1.3. Die Gedragskode en die Dissiplinebeleid is nie noodwendig 'n breedvoerige riglyn vir die optrede/reëls waaraan daar van 'n leerder verwag word om te voldoen nie; nóg behels dit die stappe wat geneem word en die moontlike strafmaatreëls wat op alle dissipline-verwante kwessies van toepassing kan wees. Die Gedragskode en die Dissiplinebeleid vervat eerder fundamentele waardes en beginsels waarvolgens daar van leerders verwag word om hulle te gedra, sowel as 'n raamwerk waarbinne korrektiewe aksie en dissipline doeltreffend deur die skool geïmplementeer kan word.

1.4. Verskeie vorms van informele/interne en formele dissiplinêre maatreëls kan deur die skool geïnisieer word. Die swaarwigtigheid van die aksie wat deur die skool geneem word, sal afhang van die omstandighede, van die erns van die oortreding en van alle relevante versagtende of verswarende faktore.

1.5. Sou enige leerder hom nie hou by die verwagte norme vir optrede nie, sal korrektiewe aksie in werking gestel word deur die rektor, die adjunkrektore of opvoeders soos hierin uiteengesit. Korrektiewe aksie kan of kan nie insluit nie die toepas van formele dissiplinêre maatreëls, of enige formele stappe wat toegepas kan word om alle verdere insidente van onaanvaarbare gedrag te voorkom, óf om die opvoeder-leerder-verhouding te herstel. Opvoeders, adjunkrektore en die rektor, hoe dit ook al sy, het volmag om aksie in werking te stel wat volgens hulle in die omstandighede toepaslik en regverdig sou wees, binne die riglyne hierin vervat.

2. NOODSAAKLIKE VEREISTES VIR ALLE DISSIPLINÊRE PROSEDURES

2.1. 'n Leerder moet ten volle geleentheid kry om sy weergawe van relevante feite en omstandighede op rekord te laat plaas.

2.2. Die grondwetlike regte van die leerder (kyk Kode van Regte en Pligte) moet te alle tye gerespekteer word en moet sover as moontlik ongeskonde bly.

2.3. Deursoeking en beslaglegging sal toegepas word in terme van die skool se beleid ten opsigte van deursoeking en beslaglegging en die riglyne vir lukrake deursoeking en beslaglegging, en toetsing vir alkoholiese drank en onwettige

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

dwelms by openbare skole in die provinsie Wes-Kaap in terme van artikel 45a van die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997).

2.4. Onderhoude met getuies mag opgeneem word; as alternatief mag aantekeninge gemaak word van wat tydens sodanige onderhoude bespreek is, in die belang van deursigtigheid en ter wille van juiste rekordhouding.

2.5. Dissiplinêre prosedures moenie in werking gestel word wanneer dit blyk, nadat ondersoek ingestel is, dat daar genoegsame twyfel bestaan of wangedrag inderdaad plaasgevind het nie.

3. DISSIPLINÊRE STRUKTUUR

Die dissiplinêre struktuur van Paul Roos Gimnasium is as volg:

3.1. Klasopvoeder
Die klasopvoeder hanteer minder ernstige dissiplinêre kwessies in die klaskamer en op die skoolterrein. Die klasopvoeder kan ’n kwessie na die graadhoof verwys indien dit nie opgelos word of geskik word op ’n manier wat alle betrokke partye tevrede stel nie. Sodra die klasopvoeder die kwessie na die graadhoof verwys het, doen hy/sy afstand van die kwessie en laat dit aan die graadhoof se oordeel oor.

3.2. Graadhoof/Fasehoof
Die graadhoof/fasehoof hanteer dissiplinêre kwessies wat deur die klasopvoeder of deur iemand anders na hom/haar verwys is. Die graadhoof/fasehoof kan die kwessie na die adjunkrektor verwys indien dit nie opgelos word of geskik word op ’n manier waarvolgens alle betrokke partye tevrede gestel word nie, óf indien die optrede waaroor die klag gebring is, ernstige wangedrag behels. Sodra die graadhoof die kwessie na die adjunkrektor verwys het, doen hy/sy afstand van die kwessie en laat dit aan die adjunkrektor se oordeel oor.

3.3. Adjunkrektor
Die adjunkrektor hanteer dissiplinêre kwessies wat deur die graadhoof of iemand anders na hom/haar verwys is. Die adjunkrektor kan die kwessie na die rektor verwys indien dit nie opgelos word of geskik word op ’n manier waarvolgens alle betrokke partye tevrede gestel word nie, óf indien die optrede waaroor die klag gebring is, ernstige wangedrag behels. Sodra die adjunkrektor die kwessie na die rektor verwys het, doen hy/sy afstand van die kwessie en laat dit aan die oordeel van die rektor oor.

3.4. Rektor
Die rektor kan dissiplinêre kwessies hanteer wat na hom verwys word, óf kwessies waarvan hy deur die skoolgemeenskap in kennis gestel is. Die rektor beskik oor die gesag om insidente van wangedrag na die interne dissiplinêre

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

komitee te verwys, sodat dit intern gehanteer kan word, en om insidente van ernstige wangedrag na die skool se beheerliggaam te verwys, soos hieronder uiteengesit

3.5 Interne dissiplinêre komitee

Die interne dissiplinêre komitee van die skool vorm deel van die professionele bestuur van die skool en hanteer dissiplinêre kwessies wat deur die rektor daarna verwys word. Die rektor mag die voorsitter van die beheerliggaam voor, tydens of ná die prosedures aangaande ’n insident inlig. Die samestelling van die komitee word deur die rektor bepaal en bestaan gewoonlik uit die volgende lede: ’n adjunkrektor, ’n fasehoof, ’n graadhoof, ’n skoolsielkundige (wat in ’n ondersteunende hoedanigheid optree), die hoof van die koshuis en/of enige ander senior personeel wat deur die rektor ten opsigte van die prosedures as relevant beskou word. Na gelang van die aard van die wangedrag kan bykomende lede tot die interne dissiplinêre komitee verkies word. Die interne dissiplinêre komitee het die gesag om strafmaatreëls in ooreenstemming met die dissiplinebeleid toe te pas. Indien die oortreding klaarblyklik op ernstige wangedrag neerkom, mag dit verwys word na die dissiplinêre komitee wat deur die beheerliggaam aangestel is.

3.6 Dissiplinêre komitee deur die beheerliggaam aangestel

Die dissiplinêre komitee is deur die beheerliggaam aangestel en die samestelling daarvan word in die Skolewet bespreek en, in geval van ernstige wangedrag, ook in die Regulasies soos hieronder uiteengesit.

3.7 Beheerliggaam

Die bestuur van elke openbare skool is in sy beheerliggaam gevestig. In terme van die Skolewet mag ’n dissiplinêre komitee deur die beheerliggaam saamgestel word om kwessies rakende dissipline namens die beheerliggaam te hanteer.

3.8 Departementshoof

Slegs die provinsiale Departementshoof of ’n bevoegde beampte deur hom/haar afgevaardig mag ’n leerder permanent skors.

3.9 Minister van Onderwys

’n Appèl gerig aan die Minister in terme van administratiewe wet word beskou as ’n breë appèl, met ander woorde ’n heroorweging van die meriete van die saak, met of sonder bykomende inligting.

4 RELEVANTE OORWEGINGS BY DIE KEUSE VAN ’n TOEPASLIKE STRAFMAATREËL

’n Goeie balans moet bewerkstellig word tussen die oorwegings hieronder, wat elkeen in berekening gebring moet word en weerspieël moet word in die straf wat uiteindelik opgelê word. ’n Buitensporige/onreëlmatige toepassing van hierdie oorwegings en/of van die straf wat opgelê word moet vermy word, aangesien só ’n toepassing

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

potensieel as onregverdig beskou kan word en as teenstrydig met die doelwitte van hierdie dissiplinebeleid.

a) Die individuele leerder:
   - ouderdom en ontwikkelingstadium;
   - houding teenoor skoolwerk en medeleerders;
   - dissiplinêre rekord, algemene reaksie op teregwysing en gewilligheid om sy gedrag te verbeter;
   - redes verskaf vir die oortreding begaan;
   - mate van berou en gewilligheid om die oortreding reg te stel.

b) Aard en omvang van die wangedrag:
   - die relevante omstandighede;
   - die uitwerking van die oortreding op iemand anders/op ander mense;
   - die reëlmaat/frekwensie van die spesifieke tipe oortreding;
   - die omvang van die verlies of skade wat deur die oortreding veroorsaak word.

c) Belange van die gemeenskap:
   - Oor die algemeen het die gemeenskap belang by die instandhouding van ’n kultuur van onderrig en leer by die skool; by die regverdige en billike optrede teenoor leerders; by die beskerming van die geestelike en morele welsyn van leerders en opvoeders deur die skool sowel as by die beskerming en bevordering, sover as moontlik, van die basiese grondwetlike regte van alle partye betrokke by die skool.

Ter wille van die behoorlike toepassing van hierdie Dissiplinebeleid, word wangedrag verdeel in twee kategorieë, naamlik A) wangedrag en B) ernstige wangedrag. Dit is in ooreenstemming met die verskillende dissiplinêre stappe wat geneem kan word en die verskillende prosedures wat gevolg kan word tydens die hantering van wangedrag en ernstige wangedrag.

A) WANGEDRAG

Die optrede soos hieronder beskryf is nie ’n geslote lys oortredings wat op wangedrag neerkom nie. Enige optrede wat nie in ooreenstemming is met die skool se Erekode, sy Gedragskode, met die Skolewet en/of met enige ander regulasies met betrekking tot dissipline by die skool nie, kan beskou word as wangedrag en dienooreenkomstig gehanteer word.

1. WANDADE EN OORTREDINGS

Die skool beskou dit as wangedrag indien ’n leerder:

1.1. afwesig is van ’n verpligte klas/periode/aktiwiteit, ingeslote ’n sport-/kultuur-oefening, sonder vooraf kennisgewing en sonder ’n geldige rede vir sodanige afwesigheid;
1.2. dokumentasie nie betyds en teen die sperdatum by die skool terugbesorg nie;
1.3. versuim om boeke en/of skoolwerk op datum te hou;
1.4. nie ’n legitieme opdrag van ’n opvoeder gehoorsaam nie;
1.5. versuim om huiswerk na behore en teen die sperdatum in te lewer, óf indien ’n leerder huiswerk afskryf;
1.6. hom skuldig maak aan onaanvaarbare gedrag en/of die onderrig in die klas bedreig, ontwrig of steur;
1.7. se voorkoms nie in ooreenstemming is met die vereistes soos uiteengesit in die skool se Gedragskode nie;
1.8. boeke/werkopdragte/skryfbehoeftes tuis vergeet (of enige ander items wat vir die spesifieke periode/klas/aktiwiteit deur die opvoeder in beheer voorgeskryf is);
1.9. LO-klere (oefenskoene, sokkies, LO-broek, LO-top of swembroek tuis vergeet en/of enige ander LO-kledingstuk soos voorgeskryf deur die opvoeder in beheer van LO);
1.10. laat is vir klas of die klaskamer sonder toestemming en/of sonder vooraf kennisgewing en sonder ’n geldige rede verlaat;
1.11. rommel waar ook al op skooleiendom strooi, rommel strooi terwyl hy die skool verteenwoordig, tydens skoolaktiwiteite of wanneer hy skooldrag aan het;
1.12. versuim om strafwerk te voltooi;
1.13. ’n projek/taak nie op of voor die sperdatum inlewer nie;
1.14. tydens die skooldag sonder toestemming buite die skoolterrein of in die koshuise is;
1.15. versuim om vir detensie op te daag;
1.16. hom skuldig maak aan oneerlike gedrag en/of oneerlik is tydens enige toets/eksamen;
1.17. oneerbiedig is, hom skuldig maak aan onvanpaste gedrag en/of aanstootlike taal teenoor opvoeders en/of medeleerders gebruik;
1.18. toets-/eksamenmateriaal versprei wat ’n ander leerder in staat kan stel om ’n onregverdige voordeel in ’n toets/eksamen verkry;
1.19. hom in die openbaar skuldig maak aan enige vorm van onwelvoeglike gedrag;
1.20. enige vuurwapen, onwettige dwelm of gevaarlike voorwerp gebruik of besit;
1.21. enige ander oortredings begaan, soos bepaal deur die rektor of sy verteenwoordigers;
1.22. rook, alcohol gebruik of handgemeen raak op die skoolterrein, óf terwyl hy die skool verteenwoordig, tydens skoolaktiwiteite of wanneer hy skooldrag aanhet;
1.23. graffiti waar ook al op skooleiendom aanbring, terwyl hy die skool verteenwoordig, tydens skoolaktiwiteite of terwyl hy skooldrag aanhet;
1.24. die eksamenreëls oortree;
1.25. teister, dreig, boelie (fisies, emosioneel of per kuberruim), handgemeen raak, treiter of fisies of emosioneel onvanpas of onbillik optree teenoor ander leerders, opvoeders of lede van die skoolgemeenskap;

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

1.26. onvanpaste taal gebruik, ingeslote aanstootlike, obsene, lasterlike, onsedelike, vulgêre, onbeskofte, oneerbiedige, dreigende, of opruiende taal;
1.27. die skool se naam in oneer bring;
1.28. enige ander ontoelaatbare optrede, soos bepaal deur die rektor of deur sy verteenwoordigers.

2. PROSEDURE vir BEWEERDE WANGEDRAG

Die rektor of sy verteenwoordiger kan enige herhaalde wangedrag of wangedrag wat as ernstig beskou word, as ernstige wangedrag hanteer.

2.1 Wangedrag wat nie as ernstige wangedrag beskou word nie, of wat na die mening van die verantwoordelike opvoeder nie formele dissiplinêre aksie vereis nie, kan deur die opvoeder gehanteer word.

2.2 Wanneer die beweerde oortreding in die teenwoordigheid van ’n opvoeder plaasgevind het, mag die opvoeder die kwessie besleg en/of skik. In toepaslike omstandighede mag die graadhoof of fasehoof van die relevante graad waarin die leerder is, die kwessie hanteer. Indien die graadhoof nie beskikbaar is nie, of onwillig is om die kwessie te hanteer, sal die wangedrag deur die rektor of sy verteenwoordiger gehanteer word. Die kwessie kan ook na die interne dissiplinêre komitee verwys word.

2.3 Besonderhede van die beweerde oortreding moet aan die betrokke leerder verskaf word en hy moet ’n regverdige geleentheid kry om daarop te reageer. Daar word verkies dat die leerder, in reaksie op die aantygings en bewyse teen hom, ’n geskrewe verklaring lewer.

2.4 Die opvoeder wat die saak hanteer moet ’n uitspraak van skuldig of onskuldig lewer en dan die leerder inlig ten opsigte van watter strafmaatreël toegepas gaan word.

2.5 Die rektor of sy verteenwoordiger, volgens hulle uitsluitlike en absolute diskresie, is daarop geregtig om enige hersieningsprosedure te volg, ingeslote onderhoude met die ouers en/of enige getuies.

2.6 Wanneer ’n oortreding plaasvind wat, na die Rektor se mening, ’n ondersoek kan verg voordat die interne dissiplinêre komitee, die opvoeder, graadhoof of adjunkrektor (soos deur die rektor aangewys), die ondersoek mag lei en die bewyse by die ondersoek mag voorlê.

2.7 Hierdie assessering neem gewoonlik die vorm aan van ’n informele ondersoek, wat gewoonlik ook ’n geleentheid vir die leerder insluit om sy eie saak in reaksie op die klag te stel.

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

2.8 Leerders kan gevra word om geskrewe verklarings te lewer, wat later gebruik kan word tydens enige prosedures wat gedurende die ondersoek gevolg word.

2.9 ’n Opvoeder/personeellid van die leerder se keuse mag die leerder by die ondersoek verteenwoordig.

2.10 Die ondersoek sal intern plaasvind. Buiten soos hierin uiteengesit sal geen party geregtig wees op verteenwoordiging tydens ’n interne dissiplinêre ondersoek nie.

2.11 Indien daar na die ondersoek:

2.11.1 vermoed word dat die leerder aan wangedrag skuldig is, maar die wangedrag word beskou as van so ’n aard dat dit nie ’n interne dissiplinêre ondersoek regverdig nie, kan die opvoeder, graadhoof, fasehoof of adjunkrektor, soos deur die rektor aangewys om die beweerde wangedrag te ondersoek, die vanpaste strafmaatreël van toepassing maak; of ·

2.11.2 vermoed word dat die leerder skuldig is aan wangedrag wat beskou word as ernstig genoeg, sal dit verwys word na ’n interne dissiplinêre ondersoek; of

2.11.3 vermoed word dat die leerder skuldig is aan ernstige wangedrag, sal dit verwys word na die skool se beheerliggaam vir ’n dissiplinêre verhoor soos uiteengesit onder “ernstige wangedrag” hieronder.

3. INTERNE DISSIPLINÊRE ONDERSOEK

3.1 Tydens die interne dissiplinêre ondersoek moet daar gehou word by die beginsels van natuurlike geregtigheid en regverdigheid.

3.2 Die leerder wat van wangedrag verdink word, moet onder meer geleentheid kry om sy weergawe van relevante feite en omstandighede op rekord te laat plaas en om argumente/bewyse ter versagting van die moontlike straf te lewer.

3.3 Die proses en riglyne vir verhore met betrekking tot ernstige wangedrag kan as ’n riglyn gebruik word vir die interne dissiplinêre ondersoek.

4. AANBEVOLE STRAFMAATREËLS VIR WANGEDRAG

Sodra ’n leerder aan wangedrag skuldig bevind word, mag ’n strafmaatreël teen ’n leerder in werking gestel word slegs nadat hy eers geleentheid gekry het om te reageer op die aantygings en bewyse teen hom én nadat ’n vanpaste ondersoekproses in toepaslike omstandighede gevolg is.

Leerders wat aan wangedrag skuldig bevind word, kan as volg gestraf word:

4.1 per verbale of geskrewe teregwysing deur ’n opvoeder of deur die rektor;

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

4.2 skoolwerk onder toesig wat sal bydra tot die leerder se vordering op skool en/of tot die verbetering van die skoolomgewing, solank sy ouers tydig ingelig word en solank die veiligheid van die leerder verseker word;

4.3 die uitvoer van take wat die persoon wat te na gekom is sal help of ondersteun;

4.4 die betaling van ooreengekome bekostigbare kompensasie;

4.5 vervanging van beskadigde eiendom;

4.6 detensie/s soos bepaal deur die opvoeder, graadhoof, fasehoof, adjunkrektor, rektor of die interne dissiplinêre komitee.

4.7 waar moontlik en van pas, ’n geskikte vorm van gemeenskapsdiens en/of ’n herstelregprogram.

4.8 waarskuwingsbriewe kan uitgestuur word wanneer ’n leerder skuldig is aan herhaalde wangedrag en/of aan ernstige wangedrag wat nie na die skool se beheerliggaam vir ’n dissiplinêre verhoor verwys is nie, en/of wanneer die optrede van die leerder die gesag van die skool uitdaag.

4.9 skorsing uit skoolaktiwiteite (byvoorbeeld sport- of kultuuraktiwiteite) vir ’n toepaslike tydperk.

4.10 enige ander geskikte straf, soos bepaal deur die rektor en/of die adjunkrektor.

B) ERNSTIGE WANGEDRAG

1. Onderhewig aan die bepalings van die Skolewet, kan ’n leerder by ’n skool wat:

1.1 die volgende gebruik of in sy besit het, óf dit verkoop of versprei: gevaarlike voorwerpe, alkoholiese drank of onwettige dwelms;

1.2 hom skuldig maak aan een van die volgende: boeliegedrag, aanranding, diefstal, brandstigting of kwaadwillige skade aan eiendom;

1.3 hom skuldig maak aan growwe en uittartende rebelsheid of aan onsedelike gedrag;

1.4 in besit is van enige ongemagtigde afskrif van ’n toets- of ’n eksamenvraestel; dit versprei of verhandel; afskryf of toelaat om af te skryf; enigiemand omkoop of probeer omkoop met betrekking tot enige toets of eksamen, met die voorneme om homself of enige ander persoon onregverdig te bevoordeel;

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

1.5 hom skuldig maak aan haatspraak, rassisme, seksisme, seksuele teistering, die besit of verspreiding van pornografiese materiaal of aan enige openbare onwelvoeglike gedrag;
1.6 medeleerders se veiligheid in gevaar stel; medeleerders of opvoeders dreig; die skoolprogram ontwrig of die regte van andere skend;
1.7 homself moedswillig onjuis of foutief identifiseer, of welwetend en opsetlik vals inligting verskaf of dokumentasie vervals om homself deur die skool te laat bevoordeel;
1.8 herhaaldelik skuldig bevind word aan die oortreding van die skool se gedragskode; of
1.9 hom, volgens die beheerliggaam, skandelik, onbehoorlik of onbetaamlik gedra

skuldig bevind word aan ernstige wangedrag.

2. Onderhewig aan die bepalings van die Skolewet, kan ’n leerder by ’n skool tydelik deur die beheerliggaam geskors word, óf permanent deur die Departementshoof geskors word indien hy of sy na afloop van ’n regverdige verhoor aan ernstige wangedrag skuldig bevind word.

2. PROSEDURE VIR BEWEERDE ERNSTIGE WANGEDRAG

2.1 Wanneer daar beweer word dat die optrede van ’n leerder op ernstige wangedrag neerkom, moet die aantyging onder die rektor se aandag gebring word, en hy moet:

2.1.1 self ondersoek instel, óf hy moet ’n ondersoek loods om te bepaal of daar wél gronde is vir ’n dissiplinêre verhoor;
2.1.2 besluit of daar genoegsame bewyse is om dissiplinêre aksie teen die leerder in werking te stel ten opsigte van die sogenaamde ernstige wangedrag en of die kwessie by die beheerliggaam aanhangig gemaak moet word of nie.

2.2 Die beheerliggaam kan, op grond van redelikheid, en as ’n voorsorgmaatreël, die leerder wat van ernstige wangedrag verdink word tydelik skors van skoolbywoning vir ’n tydperk van nie langer as sewe skooldae nie.

2.3 Die beheerliggaam moet:

2.3.1 die leerder en sy ouers inlig oor die voorneme om hom te skors en die redes vir sodanige besluit verskaf;
2.3.2 vir die leerder en sy ouers ’n billike geleentheid skep om vertoë tot die beheerliggaam te rig met betrekking tot sodanige skorsing; en
2.3.3 die besluit om die leerder te skors by die Distriksdirekteur aanhangig maak, wat ’n register van alle sodanige skorsings moet hou.

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

2.4 Die beheerliggaam moet binne sewe skooldae ná die skorsing van sodanige leerder dissiplinêre prosedures teen die leerder in werking stel, soos voorgestel in artikel 8 van die Skolewet.

Indien dissiplinêre prosedures nie binne sewe skooldae ná die skorsing van die leerder ingestel word nie, moet die beheerliggaam die goedkeuring van die Departementshoof verkry vir die voortsetting van die skorsing van sodanige leerder.

3. KENNISGEWING VAN DISSIPLINÊRE VERHOOR AAN LEERDER EN OUERS

Die beheerliggaam moet die leerder sowel as sy ouers skriftelik in kennis stel oor watter dissiplinêre prosedures teen die leerder ingestel sal word. Die kennisgewing moet:

3.1 minstens vyf skooldae se kennisgewing van die dissiplinêre verhoor toelaat;

3.2 die leerder en sy ouers inlig oor watter dissiplinêre prosedures teen die leerder aangevoer sal word;

3.3 genoegsame besonderhede bevat ten opsigte van die datum, die tyd, die plek en die aard van die beweerde ernstige wangedrag om die leerder in staat te stel om die insident te identifiseer en om by die dissiplinêre verhoor daarop te reageer;

3.4 die datum, tyd en lokaal van die dissiplinêre verhoor aandui;

3.5 die leerder inlig oor sy reg om:

3.5.1 by die verhoor deur sy ouers bygestaan en verteenwoordig te word, óf deur ’n verteenwoordiger wat deur die ouers aangewys is;

3.5.2 toegang te versoek tot dokumente of inligting wat as bewys opgelewer is; en

3.5.3 vrae te vra, te kruisondervra, bewyse te lewer, getuies te roep en dokumentêre bewyse voor te lê om kwessies betreffende die aantygings op te klaar;

3.5.4 ingelig te word, waar van toepassing, oor die voorkomende tydelike skorsing en die aard van akademiese ondersteuning wat voor die dissiplinêre verhoor en tydens die tydperk van skorsing deur die skool verskaf sal word.

3.6 Die rektor moet die kennisgewing aan die leerder gee, en ’n afskrif daarvan aan sy ouers stuur na die adres van die leerder, soos opgeteken in die skool se toelatingsregister of onder die leerderprofiel.

4. AANSTELLING EN SAMESTELLING VAN DIE DISSIPLINÊRE KOMITEE

4.1 Die beheerliggaam moet leiding neem ten opsigte van die dissiplinêre prosedures of moet ’n dissiplinêre komitee aanstel om leiding te neem.

4.2 Die dissiplinêre komitee moet bestaan uit minstens vyf persone, van wie minstens drie beheerliggaamlede moet wees.

4.3 ’n Lid van die beheerliggaam, afgevaardig deur die beheerliggaam, moet voorsitter wees van die dissiplinêre komitee, maar mag nie ’n werknemer of ’n personeellid van die skool wees nie.

4.4 Die dissiplinêre komitee moet onpartydig en regverdig wees en moet sonder guns of vooroordeel optree.

4.5 Die rektor, leerders by die skool of enige persone by wie ’n belangebotsing bestaan, is nie benoembaar as lede van die dissiplinêre komitee nie en mag ook nie teenwoordig wees wanneer die beheerliggaam die verslag of die aanbevelings van die dissiplinêre komitee bespreek nie.

5. DISSIPLINÊRE VERHOOR

5.1 Die bewyslas tydens ’n dissiplinêre verhoor behels ’n balans van waarskynlikhede.

5.2 By die dissiplinêre verhoor het die leerder die reg om teenwoordig te wees, om verteenwoordig te word, om bewyse aan te bied en om, óf persoonlik óf deur ’n verteenwoordiger,

5.2.1 sy saak te stel;
5.2.2 getuies te roep;
5.2.3 vrae te stel aan enige persoon wat as ’n getuie ter ondersteuning van ’n klag geroep is; en om
5.2.4 dokumente wat as bewyse ingedien is te besigtig.

5.3 Indien die leerder of sy ouers versuim om die dissiplinêre verhoor by te woon, sonder ’n billike rede en na behoorlike kennisgewing, en nadat sodanige verhoor vir die tweede keer saamgeroep is, mag die verhoor in hulle afwesigheid voortgaan.

5.4 Die voorsitter moet by aanvang van die dissiplinêre verhoor die redes vir die dissiplinêre verhoor uiteensit, versoek dat die klag of klagte voorgelees word, en die leerder versoek om teen die klag te pleit.

5.5 Indien die leerder skuldig pleit, moet die voorsitter

5.5.1 seker maak dat die leerder weet en verstaan waaraan hy skuldig pleit;
5.5.2 die leerder, verteenwoordiger of ouers van die leerder te vra of iemand vertoë wil rig voordat 'n geskikte sanksie opgelê word;

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

5.5.3 'n verteenwoordiger van die skool te vra of hulle vertoë wil rig voordat 'n besluit oor die toepaslike sanksie geneem word;

5.5.4 die leerder, sy verteenwoordiger en sy ouers en alle ander partye, buiten die lede van die dissiplinêre komitee, vra om die vertrek te verlaat terwyl die komitee oor ’n toepaslike strafmaatreël beraadslaag;

5.5.5 seker maak dat die dissiplinêre komitee oor ’n toepaslike strafmaatreël ooreenkom; seker maak dat die dissiplinêre komitee, nadat die leerder aan ernstige wangedrag skuldig bevind is, besluit of

5.5.5.1 die leerder vir ’n tydperk van nie langer nie as sewe skooldae geskors moet word;

5.5.5.2 enige ander strafmaatreël wat vir wangedrag van die skool voorgestel word aan die leerder opgelê moet word; of

5.5.5.3 die uitsetting van die leerder by die Departementshoof aanbeveel moet word; en moet dan

5.5.5.4 die leerder, sy verteenwoordiger en sy ouers terugroep en hulle inlig ten opsigte van die uitkoms van die aanbevelings wat aan die beheerliggaam voorgelê sal word.

5.6 Indien die leerder onskuldig pleit, moet die voorsitter

5.6.1 versoek dat die ondersoekverslag voorgelees word en dat bewyse aangevoer word ter ondersteuning van die klag, ingeslote die inroep van die klaer en getuies;

5.6.2 aan die leerder, sy verteenwoordiger of sy ouers geleentheid gee om aan die klaer en getuies vrae te stel met die doel om die klag te weerlê;

5.6.3 aan die komiteelede geleentheid gee om, waar van toepassing, vrae ter wille van duidelikheid te vra;

5.6.4 aan die leerder geleentheid te gee om sy saak te stel en om getuies te roep;

5.6.5 komiteelede toelaat om ter wille van duidelikheid vrae te vra;

5.6.6 die leerder, sy verteenwoordiger en sy ouers verskoon terwyl die komitee getuienis nagaan en op die uitspraak besluit; en moet dan

5.6.7 die leerder, sy verteenwoordiger en sy ouers terugroep en hulle inlig ten opsigte van die dissiplinêre komitee se besluit; en

5.6.8 sou die dissiplinêre komitee die leerder skuldig bevind, moet die voorsitter

5.6.8.1.1 hom, of sy verteenwoordiger of sy ouers, vra of hulle vertoë sou wou rig voordat ’n besluit oor ’n toepaslike straf geneem word; en

5.6.8.1.2 'n verteenwoordiger van die skool vra of hulle vertoë sou wou rig voordat 'n besluit oor die toepaslike sanksie geneem word; en moet ook

5.6.8.2 die leerder, sy verteenwoordiger of sy ouers en enige ander partye, buiten die lede van die dissiplinêre komitee, vra om die vertrek te verlaat terwyl die komitee oor ’n toepaslike strafmaatreël beraadslaag.

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022

5.6.9 Die dissiplinêre komitee moet dan besluit op ’n toepaslike straf, nadat hulle al die bewyse, getuienis en vertoë in ag geneem het, en moet dan besluit of

5.6.9.1 die leerder vir ’n tydperk van nie langer nie as sewe skooldae geskors moet word;
5.6.9.2 enige ander strafmaatreël teen wangedrag soos voorgestel van die skool opgelê moet word; óf
5.6.9.3 die uitsetting van die leerder by die Departementshoof aanbeveel moet word.

5.6.10 Die leerder, sy verteenwoordiger of sy ouers word teruggeroep en ingelig oor die uitkoms van die aanbevelings wat aan die beheerliggaam voorgelê sal word.

5.6.11 Die leerder en sy ouers moet skriftelik ingelig word ten opsigte van die besluit van die beheerliggaam, of die leerder skuldig bevind is aan ernstige wangedrag of nie, en oor die straf wat aan hom opgelê word.

6. AANBEVELING VIR UITSETTING DEUR DIE BEHEERLIGGAAM

6.1 Wanneer die beheerliggaam by die Departementshoof ’n aanbeveling maak dat ’n leerder permanent geskors moet word, moet sy ouers skriftelik in kennis gestel word van die beheerliggaam se besluit.

6.2 Wanneer ’n beheerliggaam ’n leerder van skoolbywoning skors, en ’n aanbeveling van uitsetting by die Departementshoof maak, moet die beheerliggaam die rektor opdrag gee om die volgende binne drie skooldae by die Departementshoof in te dien:

6.2.1 die notules van die vergaderings waartydens die besluit geneem is;
6.2.2 enige geskrewe vertoë wat deur die leerder of sy ouers of sy verteenwoordiger gerig is; en
6.2.3 die volledige rekord van die prosedures voor die dissiplinêre komitee of die beheerliggaam.

6.3 Hangende ’n besluit van die Departementshoof, kan die beheerliggaam ’n leerder skors, of die skorsing van ’n leerder verleng vir ’n tydperk van nie langer as 14 dae nie.

6.4 Die Departementshoof moet die aanbeveling van die beheerliggaam oorweeg en moet binne 14 dae van ontvangs van sodanige aanbeveling besluit of die leerder permanent geskors moet word of nie.

6.5 Indien die Departementshoof besluit om die leerder nie permanent te skors nie, kan die Departementshoof, in oorleg met die beheerliggaam, ’n

toepaslike strafmaatreël op die leerder afdwing, wat dan deur die beheerliggaam geïmplementeer moet word.

6.6 Indien die Departementshoof besluit om nie ’n strafmaatreël op die leerder af te dwing nie, moet die Departementshoof die saak na die beheerliggaam terugverwys, vir ’n alternatiewe strafmaatreël in terme van die skool se gedragskode soos voorgestel in artikel 8 van die Skolewet.

6.7 Die beheerliggaam en sy ouers moet onmiddellik skriftelik in kennis gestel word van die besluit van die Departementshoof, goeie motivering ingesluit.

6.8 Indien die Departementshoof ’n leerder permanent skors, moet die kennisgewing in sub-regulasie (6) ’n verwysing insluit na die reg om appèl by die Provinsiale Minister aan te teken.

7. REG OP APPèL

’n Leerder wat permanent uit ’n skool geskors is, of die ouers van sodanige leerder, mag teen die besluit van die Departementshoof by die Provinsiale Minister appèl aanteken binne 14 dae van ontvangs van die kennisgewing van uitsetting.

EIENDOM VAN PAUL ROOS GIMNASIUM © - 2022